

Missio Dei

Griffel van Wyk

GTV 3 Augustus 2015

Potchefstroom

Inleiding

Baie dankie aan die GTV bestuur vir die geleentheid wat hierdie platvorm vir ons as kerke gee om onself te verryk en mekaar te slyp. Dankie ook dat ons dit spesifiek hierdie twee dae kan gebruik vir die belangrike saak waarvoor die Sinode die Kerkgroei deputate aangewys het.

Ek gaan inleidend praat oor die missio Dei teologie omdat dit 'n groot rol speel in ons werk as deputate. Elke aspek van die missio Dei kan onmoontlik in 'n uur gedek word. Elke nodige nuanse of kwalifisering wat nodig mag wees kan ook nie gegee word nie. Ek praat dus maar oor die algemeen en vereenvoudig sake doelbewus sodat die kern duidelik kan word.

Outeurs word ook nie vir elke stelling aangehaal nie. Hierdie is nie 'n akademiese artikel wat ek lewer nie. Vir ons doelwit vanoggend is net 'n paar lyne bymekaar getrek as agtergrond van die Omkeerstrategie, wat oorgeloop het in die Kerkgroei bediening en wat as agtergrond dien vir wat die ander sprekers gaan bespreek.

Ek gaan kortliks iets sê oor die oorsprong van die begrip *missio Dei*. Dan oor die probleem van definisies binne die gesprek oor die missio Dei en missionale kerk. Ek gaan kortweg tipiese kritiek noem teen die missio Dei. Daarna gaan ek bespreek wat ek sien as 'n Skriftuurlike inhoud van die missio Dei en dit dan afspeel teen wat in teendeel dikwels in mense se gedagtes oor God heers. Laastens gaan ek in die lig van die bespreking dan van die kritiek probeer antwoord.

Oorsprong van Missio Dei

Karl Hartenstein, 'n Duitse teoloog, het klaarblyklik in 1934 die eerste maal die uitdrukking *missio Dei* gebruik om te verwys na die feit dat God die inisiatiefnemer en onderwerp van enige sending is; hy gebruik die term na aanleiding van die teks in Johannes 20:21: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Dit is eers later in die 1950's en daarna werklik gebruik in die kringe van die "International Missionary Council" as poging om sending deeglik teologies te

verstaan en 'n regmatige plek te gee in die oë van die kerk wat sending dikwels afgeskeep het as bykomstige randsaak.

Definisies

Die pad wat daar begin is het dalk stadig maar al baie ver gevorder: Hier is ons, 'n normale hoofstroom kerk, gedwing om ook aandag te gee aan die vraag oor die sendende aard van die kerk! Is sending een van die rand sake wat die kerk doen deur sendelinge, of is dit deel van die kerk se daaglikse wese in elke aspek van bediening? En die dieper eintlike vraag, is sending deel van God se wese?

Die proses wat in die 1950's begin het is dus nog nie klaar nie. Een van die groot uitdagings in die gesprek oor die Missio Dei is steeds een van *definisies*. Nie almal verstaan en bedoel dieselfde dinge wanneer hulle dieselfde woorde gebruik nie. Enkele belangrike woorde hier is: missio Dei, Drie-eenheid, sending, missionaal en missionêr. Hierdie woorde word gebruik vir soms uiteenlopende idees, of die inhoud word aangeneem maar nooit regtig uitgewerk nie.

Dit lei tot misverstande. Dit kan lei tot vooroordele. Dit lei tot wantrou – soms geldig en soms nie. Dit alles kan lei tot vrugtelose gesprekke wat hierdie nodige saak kan laat vassak in 'n moeras van debat. Om elke moontlike misverstand of verkeerde definisie te bespreek is nie my doel vandag nie. Ek hoop om te gee wat ek glo 'n Skriftuurlike en gereformeerde-verantwoordbare raamwerk is. Ek sal hier en daar wel opmerkings maak wat nodig kan wees oor definisies.

Kritiek teen Missio Dei en missionale kerkwees

Die volgende saak wat verbandhou met die kwessie oor definisies is bepaalde kritiek teen missio Dei teologie.

As jy kritiseer – watter weergawe van die missio Dei word gekritiseer?

Kritiek skeer ook dikwels almal oor een kam.

Ek noem vooraf 'n paar sake van kritiek omdat ek plek-plek daarna gaan verwys. Na ek missio Dei beredeneer het soos ek dit verstaan hoop ek om weer terug te kom na hierdie kritiek wat die antwoord daarvan makliker kan maak. Tipiese kritiek is die volgende:

Missio Dei teologie het nie werklik Bybelse inhoud nie maar vae veralgemeenende aannames.

Dit beteken dat daar lukraak na 'n paar tekste verwys word as kapstokke waar rondom mense dan hulle eie standpunte wikkel. Dit is nie teologies deeglik begrond nie.

Missionaal is nie-Konfessioneel.

Dit beteken dat hierdie konsep nie deel is van die belydenis-geskiedenis van die kerk nie en nêrens in Belydenisskrifte na vore kom nie. Dit is dus vreemde denke en stof wat die kerk ingebring word. Nog nie ondersoek of as aanvaarbaar bevestig nie. Die missionale gesprek hoort daarom nie binne konfessionele kerke nie want dit beweeg buite die belydenis om.

Sending kan nie tot God se wese behoort nie

Hierdie kritiek vrees dat God se totale wese gereduseer word tot iets wat maar net 'n deeltjie van Hom is. Dit kan ons Godsbegrip verskraal. Daarmee saam is God se reddende aktiwiteit in Christus tydelik en binne menslike tyd, en 'n tydelike saak kan nie deel van God se wese wees nie. Sending kan daarom nie deel wees van wie God is nie, dis maar net iets tydeliks waarmee Hy besig was. Hy het eintlik ander sake in sy wese.

Missio Dei is apostolaatsteologie

Missio Dei wil van die kerk bloot 'n tipe sendingorganisasie maak waar als gaan oor evangelisasie en geen werklike ruimte meer is vir die geloofsopbou tot volwassenheid, pastorale versorging of diakonaat van bestaande lidmate nie. Dit sluit die kritiek in dat uitbou gekies word bo of teenoor opbou.

Afwesigheid van oordeel en straf

Daar is geen ruimte in hierdie teologie vir God se oordeel en ewige straf nie. As sending God se wese is sal Hy moet aanhou tot almal gered word. Missio Dei is 'n soort universalisme.

Missio Dei – 'n Skriftuurlike benadering

Inleidend

Daar is 'n logiese vloei van godsbeskouing, na kerkbegrip en dan 'n verstaan van waartoe die individuele gelowiges dan geroep word. Gelowiges is tog in God se beeld geskep en moet afsonderlik en gesamentlik die beeld van sy wese weerspieël. Hoe jy oor God dink bepaal hoe jy oor kerk dink en daarom oor elke gelowige.

Die raamwerk van die missio Dei teologie behoort dus godsbegrip, kerkbegrip en die roeping van die gelowige in te sluit.

Missionale Godsbegrip: Drie-Eenheid

Die inhoud van missio Dei teologie is die Triniteitsleer. Missio Dei begin by wat in die wese van die Drie-Eenheid teenwoordig is. Die aard van die verhouding tussen die persone van die Drie-Eenheid. Hoe is God homself?

Die manier waarop die Skrif die Drie-Eenheid aanbied is in persoonlike verhoudingsterme. 'n Vader en 'n Seun en hulle Gees. Onskeibaar in wese maar onderskeibaar in drie Persone... wat mekaar baie lief het. En nie hierdie liefde vir hulleself hou nie.

In die Skrif sien ons 'n Vader gerig uit liefde op sy Seun se verheerliking (Joh 17 praat van 'n heerlijkheid wat die Seun by die Vader geniet het nog voor die skepping) 'n Seun wat uit liefde gehoorsaam is aan die Vader (Te sien in die skeppingsdaad en wat daarop volg). Die Gees wat gerig is op die liefdevolle bekendmaking van die Vader en die Seun. Elkeen liefdevol buite Homself gerig op die ander – Dit alles nog vóór die skepping.

En wanneer God skep is dit vanuit hierdie selfde natuur om buite Homself gerig te wees. Hy skep nie vanweë een of ander *nood* nie, maar vanuit sy oorvloedige *natuur*. Hierdie heerlike wonderlike karakter van God moet vertoon word. Dis tog die doel van die skepping en die mens: Om God se wese in sy oorvloedigheid te verheerlik. Soos 'n kunswerk wat bestaan tot bewondering van die kunstenaar bestaan die mens as verteenwoordiger van God met die opdrag om weer buite homself gerig te wees op God en die ontwikkeling van die skepping.

En wanneer die mens hom selfgerig wil vergryp aan eer wat net aan God behoort – tree hy uit verhouding met God. Hy is nou self-gerig en geensins meer verteenwoordig dit God nie. En tog is God steeds getrou aan sy eie wese... Hy tree agter die mens aan: Adam, waar is jy?

Regdeur die openbaringsgeskiedenis sien ons dus hoe God Drie-enig dinamies na buite, homself in liefde sendend laat geld. Met die Skepping, met die sondeval, met die verbond, met die kruis as hoogtepunt, met die kerk en met die herskepping in die troonkamer van Openbaring 4. Deurlopend is God daarop gerig om getrou te wees aan sy wese. Dis sy missie – om Homself te verheerlik – getrou te wees aan wie Hy is.

En regdeur hierdie openbaringshistoriese geskiedenis gebeur als ter verheerliking van God. Soli Deo Gloria. Uit Hom, deur Hom en vir Hom is alle dinge. God red nie die mens omdat die mens heerlijk is nie – Hy red omdat Hy heerlijk is. En dit is sy missie: Die instandhouding van sy heerlijkheid en eer.

Dit is die groter agtergrond van God se eie wese waarteen die essensie van die woord 'send' verstaan behoort te word.

Missionale Kerk

As dít die beeld van God se wese is, het dit fundamentele implikasies vir wat as sy liggaam op aarde verstaan word: die kerk. Kerk kan dan ook nie 'n statiese selfgerigte instelling wees nie. God het 'n baie groter missie/sending waarmee Hy besig is – sy eie eer - en die kerk is instrument om Hom daarin te dien.

Een van die slagspreuke van missio Dei teologie vat dit saam as: "The Church doesn't have a mission, God's mission has a church. / Die kerk het nie 'n sendingtaak nie, God se groot missie in die wêreld het die kerk as instrument.

Die kerk is God se evangelisasie gemeenskap aan die wêreld. Goeie nuus gemeenskap.

God is en wil aan die werk wees in die gemeenskap wat Hom nog nie erken nie. Elke aspek van die kerk in daardie gemeenskap het dan 'n missionale dimensie. 'n Sensitiwiteit vir die nood van die omgewing en die nie-Christen. Aktiwiteite, kampe en funksies is nie net vir lidmate nie maar vir enigeen. Die predikant preek nie net oor teologiese vrae van die gemeente nie maar spreek lewensvrae van die gemeenskap aan met die evangelie. Maatskaplike dienste van die sekulêre staat of instellings word ondersteun deur lidmate se vrywillige diens. 'n Missionale kerk soek plekke in die gemeenskap waar geregtigheid en genade sigbaar gemaak kan word as voorsmaak van God se koninkryk en gee dit – as fokus – nie as opsionele bysaak nie. Natuurlik waar die Gees die geleentheid gee met getuieis oor die evangelie.

Sodat ander mense God ook as dissipels/vakleerlinge daarin kan begin navolg.

Dit als is baie anders as wat klassiek onder 'sending' verstaan word – of as die kerk se taak. Daarom word die woord 'missionaal' eerder gebruik om nie verwar te word met 'sending' en wat daaronder verstaan is nie. Baie van die kritiek is na my oordeel dus misplaas.

Die kerk is dus missionaal as hulle in die volle spektrum van bediening deelneem aan God se missie van verheerliking voor die oë van die wêreld.

Missionale Christen

Maar die 'kerk' is mos net 'n klomp individuele Christene saam. Hoe verstaan die Christen dan sy taak voor God..

Hoor die definisie wat Jesus gee van 'n 'geslaagde' selfs volmaakte dissipel wat God se wese op aarde weer verbeeld. Ons kry dit in die hoogtepunt van die bergprediking wat die wet in perspektief kom stel:

“⁴³Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.’⁴⁴Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, ⁴⁵sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen. ⁴⁶As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie? ⁴⁷En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?

⁴⁸“Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.”

Waarin skitter volmaaktheid? Wanneer die dissipel sy meester navolg in 'n na buite gerigte liefde waar dit nie verdien word nie. Ek is dan in daardie oomblik inderdaad nie meer besig met selfgerigte sondes van leuens, egbreuk of moord besig nie. Maar die blote afwesigheid van sonde, verbeeld God nog nie.

In Joh 13 op die vooraand van Jesus se self-opoffering was hy die dissipels se voete en bevestig dat Hy as Leermeester vir ons 'n voorbeeld stel. Hierin sien ons die wese van God in aksie, en word ons opgeroep om hom daarin te volg.

Gevolgtrekking

God die Vader, Seun en Gees beweeg om mense te red omdat dit in hulle wese is en dit God verheerlik. Dit is hoekom hy Homself dit voorneem in sy ewige raad – soos Efesiërs 1 die *pactum salutis* beskryf. Daar kom hierdie refrein elke keer nadat die rol van die betrokke persoon in die mens se redding beskryf is

v 6 “Daarom moet ons God prys...” oor die rol van die Vader

v 12 “Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys” oor die rol van die Seun

en v 14 “Daarom moet ons God prys” oor die rol van die Gees

Die missie van God is nie om mense te red nie. Die missie is om Homself te verheerlik soos wat Hy, o.a. ook niks verdienende mense red en als onder Christus weer verenig. Anders maak dit van die mens die hoogste doel.

God doen wat Hy doen omdat Hy is wie Hy is. Water maak nat want water is nat. Sending in hierdie groter sin, is nie los van sy wese nie. Die kerk se gestuurwees

na die wêreld is daarom nie as iets bykomstigs, toevalligs of nonessensiëls in God se verhouding tot die wêreld nie.

Ek sien nie in die Skrif 'n ander God, agter hierdie God nie.

Algemene heersende Godsbeeld

Kom ons kyk nou waar ons land as ons nie hierdie perspektief het nie. Dis dalk waar ons is.

As God se selflose liefdes-sending/beweging nie deel van sy wese is nie, is dit iets daarnaas.

Hy is eintlik anders, en wou eintlik anders - maar moes nou maar uit Homself beweeg vanweë ons sonde.

Sy sending kom dus by as 'n tweede saak. Iets bykomend, toevallig en nonessensieel. 'n Opsionele ekstra wat weggelaat kon word sonder om sy wese aan te tas.

Wat is die probleem hiermee?

Alles! As God en sy sending geskei word is daar dan in my denke twee weergawes van God. Die God wat nou wel skep en red en herskep – maar ek is nooit oortuig of hy werklik wou nie. En agter Hom is hoe God eintlik sou wees as dit nie vir ons as mense was nie. Dus 'n statiese onkenbare God agter die God van die Skrif.

Hy is die eintlike God in wie se beeld ons is en wie ons moet bevredig. Kom ons kyk nou na hierdie statiese godsbeeld wat in baie mense bestaan, wat hulle kerkbegrip bepaal en ook die aard van hulle persoonlike verhouding met God.

In die sinode verslae van Deputate Bewaar en Vermeerder van 2000 sowel as die verslag van die Omkeer Deputate 2015 is uitgewys dat een van die sleutel probleme lidmate se godsbegrip is. Die probleem bestaan nie in Belydenis nie maar is 'n verskynsel in praktyk.

Baie Christene (ook lidmate van die GKSA) en selfs nie-Christene het 'n persepsie van God as eintlik staties. Sy beweging is bykomend, toevallig of nonessensieel tot sy wese.

Staties Drie-Eenheid

Hierdie valse god sit stil in sy heiligheid wat net foutloosheid beteken. En hy sou so gewees het tot in ewigheid as die mens nie gesondig het nie. Hy sit stil soos 'n pa wat koerant lees en nie gesteur wil word nie. Hy het sy manier en dis die

enigste manier. Solank die kinders wat daar rondom speel hom nie steur nie, gaan hy hulle nie steur nie.

Statiese Kerk

Die kerk wat God só sien, gaan Hom ook daarin probeer bevredig. Hulle gaan ook stil sit. Sover as moontlik foutloos probeer wees. Die doel is om maar net so min as moontlik sonde te doen in die week. Ek het 'n goeie dag gehad as Christen as ek nie een van die 10 gebooië gebreek het nie. As ek 'n erediens op die mees korrekte manier kon deurbring is ek getrou ware kerk. Dit is 'n skreiende verskraling van God se intensies as ek ooit een gesien het.

Dit is ongelukkig wat die praktyk van baie Christene se lewe bewys.

Allerhande reëls en wette gaan nodig wees om dinge reg te hou. Lidmate moet ook net asseblief stil sit. Reg-wees is die hoogste waarde.

Hierdie kerk gaan hulle ook net steur aan die gemeenskap as die gemeenskap kom karring. 'n Boemelaar word bv net raakgesien as hy almal steur deur op die kerk se stoep te kom slaap.

Uitrek? Wel almal in die gemeenskap wat bereid is om ook soet te kom saam sit is welkom. Die wat nie wil stilsit en soos ons maak nie, is nie welkom nie.

Want sien, om oor hulle gesteur te wees is iets bykomend, toevallig en nonessensieel. Die gemeenskap se sake en krisis is presies dit: hulle s'n. Slegs kerklike sake op kerklike wyse. Ek verstaan en waardeer die bedoeling van KO art 30 maar dit is al dikwels ook misbruik om die kerk se roeping te ontwyk.

As die kerk tog wil en daar is 'n geldjie oor kan iemand gestuur word om aan hulle aandag te gee. 'n Gemeenskapsprojek kan 'n tjek van die diakonie kry. Andersinds sal daar 'n evangelisasie kommissie aangestel word met oorywerige Christene wat hulle met hierdie mooi ekstra sal bemoei. Die ander lede... hulle sal aangaan met waaroor kerk eintlik gaan.

Statiese Christen

Hierdie kerk se lidmate sal wat hulle eie persoonlike geloofslewe self-behep wees. Is ek ooit reg-genoeneg? 'n Voortdurende brandende skuldgevoel kenmerk hulle asof Christus nie aan die kruis gesterf het nie. Nooit smaak hy of sy die vryheid om sonder kommer oor hulself aandag aan ander te kan spandeer nie. Die bietjie dienswerk wat hulle gelewer kry is soos water uit 'n klip geforseer. Nie soos strome lewende water wat die ware evangelie van die ware God bring nie.

Gevolgtrekking

Wat gebeur met só godsbegrip? Niks behalwe 'n self-beheptheid met self-behoud nie.

Hierdie god, kerk en kerklidmaat gee ook nie hoop aan hopeloses dat daar vir hulle hoop is nie. Want hulle kan nie. Hulle het nie meer goeie nuus oor God vir sondaar mense nie. Die dankbaarheidslewe is weer 'n 'moet' – 'n nuwe wet. Mense sê nee-dankie daarvoor. Dit is uiteindelik niks anders as enige ander godsdiens nie.

Kritiek teen Missio Dei en missionale kerkwees

Kom ons kyk nou weer na die tipiese kritiek teen *missio Dei*. Dit sal ons help om wat reeds oor *missio Dei* gesê is nog beter te verstaan.

Vae begrippe sonder Skriftuurlike inhoud dryf die gesprek

Dit is in baie opsigte waar. Daar is baie wat oor *missio Dei* praat met wie ek nie kan saamstem nie. Ook is daar baie wat die eng tradisionele verstaan het van bv die woord *sending* en kritiek het, met wie ek dan saamstem: die kerk se *sending* is juis inderdaad baie meer as sendelinge stuur na êrens. Daarom juis die 'nuwe' woord missionaal wat die deurweekde sendingsaard van die kerk probeer beskryf.

Daar is ook baie wat met hierdie laasgenoemde statiese godsbegrip sal bly sit, maar *missio Dei* bo-oor sal wil smeer sonder om grondig te verander in hulle godsbeskouing of kerklike praktyk.

Maar dit gaan van ons vra om hierdie begrippe met Bybelse inhoud te vul sodat die goeie nuus van hoe goed God werklik is sal seëvier. 'n Voorbeeld hiervan is die boek van die Word Reformed Fellowship: *Reformed means missional: Following Jesus into the world*. Daar kry slimmer ouens dit beter gesê as ek.

Missionaal is nie-Konfessioneel

Dit is waar dat daar nie 'n aparte NGB artikel of 'n HK Sondagsafdeling is wat hierdie terme en taal gebruik nie. Dit beteken egter nie dat dit nie al eintlik reeds op baie plekke in ons belydenis verstrooid lê nie.

In NGB Art 1 bely ons dat hierdie wese van God "...die allesoervloedigste fontein is van alles wat goed is." Hier hoor ons die belydenis sê dat 'n beweging van God se goedheid van binne Hom na buite bestaan. Daar is 'n goedheid wat nie stilstaan nie – staties is nie - maar 'n gerigtheid wat na buite vloei.

In NGB Art 2 bely ons dat ons God buiten sy dade in die skepping of sy dade in die Skrif nie kan ken nie. Ons ken God se wese, net omdat Hy tot aksie gekom het en 'gedoen' het. Ons ken dus nêrens 'n statiese 'stilsit' god nie. Daar is nie 'n ander God wat eintlik met ander sake bemoei sou wees, as die God wat ons in die Skrif leer ken nie.

Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, antwoord 54 bevestig:

Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld tot die einde toe, vergader, beskerm en onderhou ...

Sondag 1 sê dat ek nie aan myself behoort nie maar aan Hom en dat Hy my van harte gewillig en bereid maak om voortaan vir Hom te lewe.

Wetenskaplike artikels het ook al hieroor verskyn¹. Ons eie belydenis getuig eerder téén ons, as teen missionale kerkwees.

Sending kan nie tot God se wese behoort nie

Die drie argumente hier is: Dat God dan vereng word tot een aspek van sy wese. Dit kan daartoe lei dat die uiteindelijke doel van God en sy skepping in die mens en die wêreld geplaas word. En laastens, iets wat 'n tydelike aard het – redding van die mens – kan nie deel van God se ewige wese wees nie.

Weereens, as sending die stuur van 'n sendeling deur 'n sending-organisasie behels stem ek saam. Hierdie verstaan van sending vereng God, maak inderdaad die mens God se hoogste doel en is tydelik van aard.

Maar, soos al reeds beredeneer word met God se sending/missie 'n baie groter beweging bedoel wat al tussen die persone van die Drie-eenheid bestaan nog voor die skepping van die kosmos. Dit is dus voor tyd en sal na tyd bly bestaan. Hierdie beskouing verskraal God allermins. In teendeel dit streek ons denke in elke opsig om onself nog meer oor Hom te kan verwonder. Dit is duidelik dan nie ter wille van mense nie maar vanweë sy aard vir sy heerlijkheid.

Hierdie selflose na buite stuur van jou energie is niks anders as liefde soos die Bybel Agape definieer nie. As ek myself buite myself stuur om die belange van die ander te dien. In hierdie sin is hierdie tipe stuur of sending en liefde nie verskillend nie. Sonder aksie bestaan liefde nie, waarsku Jakobus 2 ons.

¹ *The Reformed confessions: embarrassment or blessing to a missionary church?* Fritz Kruger. In die *Skriflig*. 41(4): 549-570

Dit is vir hierdie rede dat 1 Johannes 4 sonder ekstra kwalifikasie God liefde kan noem. As Johannes God se sending van sy Seun sien - sien Hy liefde. Liefde en stuur/gee/gaan is in 'n teologiese sin een en dieselfde. Hiermee reduceer Johannes nie God se wese tot een element nl. liefde nie – Hy sien die totaal van God se wese raak. Daarom ook die groot gebod.

Bosch merk hieroor op: “To participate in mission is to participate in the movement of God’s love toward people, since God is a fountain of sending love (Bosch, 1991:390).

Missio Dei is apostolaatsteologie

Alles in die kerk het inderdaad nie 'n evangeliserende intensie om ongelowiges tot bekering te bring nie. Maar dis mos nie op sig self die missie nie. Alles in die kerk het wel 'n missionale dimensie om God te verheerlik. Om God se wonderbare lig in 'n donker wêreld te skyn – al is dit in die manier waarop ek my eposse doen of die kerk finansies bestuur. Dag tot dag bediening van geloofsopbou tot volwassenheid, pastorale versorging en diakonaat van bestaande lidmate gewortel in die evangelie verheerlik God. 'n Missionale kerk bou op én uit – want altwee verheerlik God.

Oordeel en straf?

Missio Dei beteken nie dat God so goed is dat almal maar uiteindelik hierin opgeneem word nie. Die ewige dood sal ewig heers oor die wat in 'n selfgerigte hoogmoed teen God in opstand is. Ons word immers almal so gebore tensy God se Gees ons weer gebore laat word. Dood is vir die wat wyer om die goeie nuus oor Hom te glo en Jesus se dood en opstanding nederig te vertrou. Die ontsaglike selflose goedheid van God kan juis nie enige selfsugtige hoogmoed verdra nie. Dit weerspieël hom nie, eer hom nie en dien Hom nie.

Samevatting

Missio Dei is 'n betreklike nuwe konsep met baie slaggate. Dit word ook maklik misverstaan en misbruik. Maar die baba kan nie saam met die badwater uitgegooi word nie.

Wanneer ons dit egter Skriftuurlik benader help dit ons om nog 'n goue draad in die Skrif te sien net so kosbaar soos die lyn van die Verbond of die Koninkryk.

Mag ek dwaas wees en 'n persoonlike belydenis maak. Vandat ek met hierdie perspektief op God te make het, het dit my eenvoudige godsbegrip laat ontplof na 'n plek waar ek met 'n verwondering oor God staan wat ek nog nie beleef het nie. Dit het my ook met nuwe insig en vertrouwe in die krag van die evangelie

gelaat. Soos wat ek dit met die gereformeerde leer vergelyk het, het dit my baie meer lief gemaak vir my gereformeerde erfenis. Dit laat my met groter toewyding besig wees in selfs die eenvoudigste van bedieningstakies. Dit het my persoonlike stryd teen sonde enorme energie gegee. En bo alles, om iets van die binnekamer van God se Drie-eenheid te begryp het my myle meer dankbaar en lief gemaak vir God as wat ek was.

Griffel van Wyk